

Maandag

Jes. 44: 1-5; 9-22; Deut. 30: 11 – 14; 2 Kor. 4: 3 – 6. Jes. 44: 20 “Iemand wat hom met as besig hou, laat homself mislei deur sy eie verdraaide opvattinge. Hy kan homself nie red nie, hy vra homself nie af: “Is dit nie ’n leuen waarmee ek my besig hou nie.” Tema: “Christus het gekom om ons uit ons goeie bedoelings met God te red.” Daar is godsdienstige mense wat glo dat hulle nie bedoel om die wet van God te oortree wanneer hulle sonde doen nie. Hulle glo dat hulle die wet van die Here oortree sonder dat hulle werklik die kwaad en boosheid van sonde bedoel. Daarom is dit hulle oortuiging dat die werklike probleem is dat die wet van God te moeilik is vir gewone mense om te onderhou. Deuteronomium 30: 11 -14 sê dat hierdie oortuiging van mense verkeerd is. Die geboorte doen is die maklikste lewenswyse. Die geboorte van God is nie moeilik om te begryp, te onthou en te ken nie. Die Here maak sy geboorte aan elke mens op elke oomblik bekend dat elke mens op aarde presies weet wat is reg en verkeerd. Daarom hoef mense geen buitengewone ervarings met God te hê om presies te weet wat reg en wat verkeerd is nie. Dis die maklikste wyse om te leef in God se skepping: “Die gebod is baie naby aan jou, jy kan daarvoor praat, jy ken dit en jy kan daarvolgens lewe.” Dit is makliker om volgens God se geboorte te leef as om in sonde te leef. Om te werk vir die geld waarmee jy betaal vir wat jy nodig het, is ’n stresvrye lewe. Jy het wel baie bekommernis oor die werk en hoe jy vir alles moet betaal, maar dit het glad nie die spanning waarmee jy leef wanneer jy steel nie. Jy hoef nie voor te gee dat jy nie ’n dief is nie, weg te kruip vir wat jy gedoen het nie of te wonder wanneer gaan jy uitgevang word nie. Net so is getrouheid in die huwelik minder spannend en ontrou is die moeilike manier van leef. Dit geld vir elke gebod van die Here – dit is die maklikste lewenswyse. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za ds.Petrus.

Dinsdag

Jes.44: 1-5; 9-22; Deut. 30: 11 – 14; 2 Kor. 4: 3 – 6. Teks Jes. 44: 20 Tema: “Christus het gekom om ons uit ons goeie bedoelings met God te red.” Wat God se wet vir mense so moeilik maak is dit wat in Jes.44:20 “verdraaide opvattinge” genoem word. Verdraaide opvattinge is die krag wat maak dat mense op só ’n wyse sonde doen, dat hulle vir hul self nie die vraag kan afvra nie: “Is dit nie ’n leuen waarmee ek besig is nie?” Verdraaide opvattinge is verdraaide bedoelings. Dit is slegte bedoelings met God en mense wat geglo word as goeie bedoelings. Hoe God bedoel ons mens moet wees, word in die Bybel genoem “die beeld van God”. Om beeld van God te wees, beteken om mens te wees soos God as Skepper jou bedoel het om vir Hom mens te wees. “Verdraaide opvattinge” is wanneer mense God se bedoeling met mense verdraai. Hulle maak Gód se bedoeling vir mense nou mense se bedoeling vir God. Wie maak vir wie om bedoel te wees soos jy gemaak is: God vir mense of mense vir God? Jesaja begin en eindig deur te sê God maak mense soos Hý mense bedoel het om mens te wees! 44: 1- 6 en 44: 21. Hoe God ons gemaak het om mens te wees, word in die kort geloofsbelydenis saamgevat: Die een

sal sê: Ek behoort aan die Here,” en homself ’n nakomeling van Jakob noem; die ander sal op sy hand skryf: Die Here S’n en homself ’n lid van die volk Israel noem.” 44:5. In ons geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus se eerste sin word die bedoeling van God vir mense só opgesom word: “Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe? Dat ek met liggaam en siel in lewe en sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort.” Bedoel om te behóórt! Bedoel om as mens met liggaam en siel aan die Here te behoort: ek is Syne! Geestelikes maak God se bedoeling ’n verdraaide opvatting op so ’n wyse dat hulle God iemand maak wat aan mense moet behoort. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za

Woensdag

Jes.: 1-5; 9-22; Deut. 30: 11 – 14; 2 Kor. 4: 3 – 6. Teks Jes. 44: 20 Tema: "Christus het gekom om ons uit ons goeie bedoelings met God te red." Jesaja 44 wys punt vir punt vir ons hoe God ons sy beeld gemaak het, dit is, hoe Hy ons bedoel om mens vir Hom te wees. 1. God skep ons om mens te wees soos Hy mense bedoel om te wees (44: 2 en 21.) 2. God maak ons sy dienaars. (44:1 21;) 3. God laat ons lyk soos Hy ons wil laat lyk: mense wat volkome en reg kan liefhê. Dit beteken dat hulle God met hulle menslike hart, siel en verstand liefhet en ander mense liefhet soos hulle self. (44:2;) 4. God versorg ons in sy liefde as God sodat ons as gewone mense ten volle vergenoegd kan leef in sy liefde. “Hy giet sy Gees en seën oor ons uit” (44: 3.) 5. God kies ons in sy liefde uit om in sy liefde te leef (44:1.) 6. Daarom is die volle bedoeling van menswees dat ons aan die Here behoort en wil toebehoort (44: 5.) Om beeld van God te wees, beteken om MENS te wees soos God ons gemaak het en bedoel het om MENS te wees, en dit is om as MENSE aan God in sy liefde te behoort. Goddeloses maak van God se beeld (sy bedoeling vir mense) verdraaide opvatting. Jesaja wys in die gedeelte tussen die twee geloofsbelydenisse oor hoe ons aan God behoort, hoe mense God hulle uitbeelding maak sodat Hy hulle eiendom kan wees. (44: 9-17.) Verdraaide opvatting is verdraaide bedoelings! Ons moet nooit dink dat afgodsdien net is om fisiese beeldjies van God te maak nie. Dis veel meer as dit. Die beeldjies wat mense maak, wys wat hulle in hulle gemoed van God wil maak. 1. Hulle maak God soos hulle Hom wil hê. 2. Hulle maak God die god wat hulle begeertes dien; 3. Hulle maak God soos hulle Hom wil laat lyk. 4. Hulle maak God sodat hulle God kan versorg en oppas in hulle lewe en tempels; 5. Hulle maak God die god wat hulle as mense kies. 6. Hulle maak God die god wat aan hulle behoort. Dit.. . is verdraaide opvatting. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Donderdag

Jes. 44: 1-5; 9-22; Deut. 30: 11 – 14; 2 Kor. 4: 3 – 6. Teks Jes. 44: 20 Tema: "Christus het gekom om ons uit ons goeie bedoelings met God te red." Verdraaide opvatting is kwade en slegte bedoelings met God en mense. Dit is bedoelings wat God as God, kragteloos en nutteloos wil maak. Dit is net soos met ons vorige

president. Hy het mense juis aangestel omdat hulle kragteloos en nutteloos te laat wees, sodat hý alles kan kaap en gebruik sonder enige teenkating. Net so wil mense God in hulle eie lewe 'n kragtelose en nuttelose god maak juis sodat hulle sy goddelikheid (so glo hulle) as hulle goddelike lewe kan kaap. Jesaja wys hierdie "godskaping" met ironie en sarkasme uit as mense wat moeg word en uitgeput raak as hulle nie die kos wat God maak, en die water wat God gee, eet en drink nie, terwyl hulle vir hulle self kragtelose ystergode maak! Net so maak mense van alles wat hulle nie vir hulle eie behoeftes kan gebruik nie, nuttelose houtgode. Verdraaide opvatting is die wyse waarop mense God só kragteloos en nutteloos maak

- * dat hulle Hom kan laat lyk soos hulle Hom wil sien,

- * dat Hy hulle eiendom kan wees,

- * dat hulle Hom vir hulle begeertes kan gebruik en Hom kan kies soos en wanneer hulle wil.

Hierdie verdraaide bedoelings met God is kwade bedoelings. Dit is hoe geestelikes vandag Jesus gebruik in hulle godskaping. Hulle maak God 'n kragtelose en nuttelose God met die verdraaide beeld

- * dat jy Jesus moet aanneem om God se goddelike lewe jou eie te maak;

- * dat jy God moet uitbeeld in jou lewe sodat mense Jesus se goddelike persoon, krag en lewe in jou kan raaksien;

- * dat jy Jesus koning in jou hart moet maak sodat jy aan sy goddelike mag kan deel kry.

Hierdie verdraaide kwade bedoelings met die Here Jesus Christus, is mense se goeie (!!) bedoelings met God! Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds Petrus.

Vrydag

Jes. 44: 1-5; 9-22; Deut. 30: 11 – 14; 2 Kor. 4: 3 – 6. Teks Jes. 44: 20 Tema:

"Christus het gekom om ons uit ons goeie bedoelings met God te red." Die woord in die Bybel wat gebruik word vir hoe God mense bedoel het om mense te wees, is die uitdrukking "beeld van God." Dit sien ons byvoorbeeld in 2 Korintiërs 4:4: "Dit is die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is." Hierdie sin beteken nie dat Jesus as mens 'n uitbeelding van God of God se goddelikheid is nie. Om 'n afbeelding van God en God se goddelikheid te maak is hoe mense afgode maak. Jesus is nie 'n afbeelding van God of 'n uitbeelding van God nie. Sou dit so wees, is Jesus niks anders as net nog 'n afgod nie. Jesus is die mens soos God die mens gemaak en bedoel het ons mens te wees: heilig en reg in liefde volgens God se wet. Dit is die heerlijkheid van Christus: Hy is mens soos God mense bedoel het om mens te wees: heilig en reg in liefde. Dit is ook hoe die NG Kerk bely wat dit beteken om beeld van God te wees in die Heidelbergse Kategismus: "Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep? Antw. Nee, God het die mens goed en na sy ewebeeld geskep. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys." (Heidelbergse Kategismus Sondag 3 vraag en antwoord 6). Beeld-wees is dus gladnie uitbeeld van God of om soos God

te wil wees nie. Beeld-wees is menswees soos God dit bedoel het : waarlik toebehoort aan God en waarlik gehoorsaam aan God se wet. Christus is die beeld van God omdat Hy die mens is wat in sy menslike liefde vir God volkome (heilig) en reg (regverdig) is. Christus verlos ons deur ons verdraaide opvattinge om te keer: Hy sluit ons in, in wie Hy as mens as beeld van God is, sodat ons nie meer God kan of wil uitbeeld in ons lewe nie. Hy laat ons aan God behoort en verbreek so ons passie om God aan ons te laat behoort. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus.